

Dinsdag 17 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 3:27-36

Fokusgedeelte: Johannes 3:36; HK Sondag 31, Antwoord 84

Die verkondiging van redding en oordeel

In gister se dagstukkies is aangedui dat dit 'n heerlike voorreg is om die prediking van die evangelie as sleutel van die koninkryk van die hemel te mag hanteer. Die saak het egter ook 'n ander kant, en dit is dat dit ook 'n uiters gewichtige taak is om die sleutel te hanteer, want die sleutel sluit nie net *oop* nie, maar ook *toe*. Daarop wys ons belydenis ook, want dit sê dat die hantering van die sleutel ook beteken dat “aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig (moet word) dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie”.

Dit is hartverskeurend om aan mense wat God verwerp en Christus verloën te verkondig dat hulle die ewige oordeel tegemoetgaan as hulle hul nie bekeer nie. En tog *moet* dit gesê word. Wie dit nie doen nie, versaak sy roeping. Dit is trouens slegs 'n halwe bediening van die Woord as net die verkwikkende dou van God se reddende genade van die kansel afdaal en daar nie gewys word op die weerligstrale van God se oordeel nie.

Die volle bediening van die Woord is die verkondiging van redding en van oordeel. *Enersyds* moet die boodskap gehoor word: “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Joh. 3:16). *Andersyds* is die prediking die skrikwekkende aankondiging dat elkeen wat die Seun ongehoor-saam is, die lewe nie sal sien nie, maar in die buitenste duisternis uitgewerp sal word.

Dat daar in elke preek gewys moet word op sowel die redding as die oordeel van God, blyk ook duidelik uit Johannes 3:36. Die *redding* word verkondig met die woorde: “Wie in die Seun glo, het die ewige lewe.” Die *oordeel* oor die ongehoorsames word veral in die laaste woorde verkondig: “... die toorn van God bly op hom.” Daar word nie gesê die toorn van God *kom op hom* nie, maar die toorn van God *bly op hom*.

Daaruit is dit duidelik dat die toorn van God eintlik op alle mense rus – op almal sonder onderskeid. Wie egter in Christus glo en Hom gehoorsaam, word vanweë sy soenverdienste vrygespreek van skuld en van die toorn van God verskoon. Dan word die koninkryk van die hemel vir jou oopgesluit. As jy egter nie in Hom glo en Hom gehoorsaam nie, bly God se toorn op jou en bly die koninkryk van die hemel vir jou toegesluit.

In die lig hiervan moet lidmate ná elke preek waarin die evangelie suiwer verkondig is, huis toe gaan óf met die versterkte en heerlike besef dat al hulle sondes om Christus ontwil vergewe is, óf met die vreeslike wete dat die toorn van God op hulle rus en hulle hul moet bekeer.